OOSHOEK / BCC NUUSBRIEF

'n Hartlike groet aan almal vanuit Ooshoek…

In hierdie Lydenstyd is ons opreg bewus van wat die Here alles vir ons doen. Sy goedheid ken geen perke nie! Nadat ons twee weke gelede her-evaluering gedoen het van ons mense wat kospakkies ontvang, het een gesin kom rapporteer dat hulle inkomste verhoog het en dat hulle nou nie meer hulp nodig het nie. Prys die Here vir werkgewers wat mense se toewyding raaksien en hulle daarvoor beloon. In die tyd het daar ook weer twee nuwe gesinne aangemeld wat minder as R1000 inkomste per maand het en wat ook nou versorg word.

In die gemeente het ons groot trots en opgewondenheid ervaar: Een van die manne in die gemeente is as die beste werktuigkundige landswyd aangewys, hy is van die maatskappy *FAW Trucks*. Hy vertrek eersdaags na China om hulle internasionale fabriek en ook 'n paar ander dinge te gaan ervaar, defnitief 'n prys waaarmee die hele gemeente saamleef!

Drie nuwe gesigte het by die werksklas opgedaag en Bennie het sowaar vyf bestellings vir sy vullisdrommetjies van tolletjiebrei ontvang. Gelukkig het ons reaksie vir die vraag na wol op ons *Facebook*-blad ontvang en kan hy voortgaan met sy tolletjiebrei! Dankie aan Leandri Steyn vir die mooi gebaar. Hier is voorbeelde van Bennie se handewerk:

Ander skenkings wat ons die afgelope twee weke met groot dankbaarheid ontvang het:

- Torings van Hoop: Aartappels
- NG Universitasrif: Klere
- NG Fichardtpark het finansiële ondersteuning verleen en ook brood gestuur.
- Koekies-hulle het weer mieliemeel en klere kom aflaai wat MILO gestuur het.
- Ons is ook baie dank verskuldig aan die twee gemeentelede wat die oorhoofse beligting en sekuriteitsstrale gefinansier het. Dit gaan net nog meer help met die beveiliging van die perseel.
- Ook net weer dankie aan die gemeentes wat hul maandelikse beloftes nagekom het. Julle help voorwaar om die boeke te laat klop.

Ons sien baie uit na ons Paassangdiens op 18 Maart tydens die oggenddiens. Daarna gaan ons almal saam 'n aansit gemeente-ete geniet. Hierdie is een van die drie groot "sang en eet"-geleenthede op die gemeente se jaarlikse kalender. ***Bel net asseblief vir Alet 082 410 8341 as julle dalk besluit om dit saam met ons te kom vier. Ons sal graag teen Woensdag, 14 Maart, ons getalle wil finaliseer.***

Julle is enige tyd welkom om te kom kuier!

Mag die Here by julle wees. Mag Hy jou lei en bewaar. En mag jy Sy goedheid en guns beleef - elke dag.

Mooiloop!

Marelize Maritz
Bloemspruit Community Centre (Manager)
Reformed Initiative for Community Development (CDO)
NG Kerk Ooshoek, Bloemfontein, RSA
Cell: 082 554 6697